

Grootste 4x4-klub durf die besonderse Witteberge aan

Die herhaalde besoeke van die grootste 4x4-klub in Suid-Afrika aan die Ficksburg-omgewing is 'n duidelike bewys van die toerisme-waarde en -potensiaal wat die omgewing besit.

Die RSG 4x4-klub, wat onder die bekwame bestuur van Francois Rossouw staan, het met omtrent 20 van hul lede besoek afgelê by Moolmanshoek, 'n wilds- en gasteplaas, om die plaas se uitdagende Wittebergroete aan te pak.

Erg beskadigde plantegroei

'n Heel ander beeld van die omgewing en roete is dié keer deur die besoekers waargeneem – berge en plantegroei nadat verwoestende brande daardeur gewoed het.

Die plaas en baie van sy bure het die afgelope maande erg deurgeloop met tesame etlike miljoene rande se skade.

Die meeste van Moolmanshoek se brandskade lê in die uitwissing van inheemse woude met bome van 80 tot 120 jaar oud.

Die 4x4-roete het die besoekers deur heelwat van dié verskroeiende land, wat soms soos 'n maanlandskap lyk, geneem.

Regs: Willie Nel, eienaar van Moolmanshoek, gee raad by 'n heel tegniese gedeelte van die roete.



Onder: 'n Tou 4x4-entoesiaste wag hul beurt af deur 'n uitdagingsdrif. Die omgewing is woes vernietig deur die onlangse brande. Baie min van die digte inheemse plantegroei, soos te sien op die foto, het oorleef.

Onder begeleiding van Willie Nel, eienaar van Moolmanshoek, en Francois, is heelwat interessantheite oor die omgewing en sy dinge met die verskeie motors se insittendes gedeel.

Francois is al oor die 30 jaar 'n 4x4-entoesias wat in verskeie klubs en media sy kennis gedeel het. Hy het die SA Jeepklub begin en was vir 22 jaar hul ere-president.

Tans bestuur Francois die RSG 4x4-klub, wat hy in 1994 begin het en nou omtrent 15 000 lede het. Die oudste lid is tans 82 en bestuur nog sy eie voertuig.

RSG-praatjie

Francois is ook die 4x4-kenner wat elke Saterdagoggend net voor 11:00 'n praatjie oor interessante bestemmings, wat ongeveer 41 500 luisteraars trek, tydens *Bon Voyage* op RSG lewer.

"Alhoewel ons al min of meer agt keer op Moolmanshoek gekuier het," verduidelik Francois, "het ons sowat 54 4x4-roetes in Suid-Afrika en sy omliggende lande waarop ons graag die klublede neem. Ons pas gewoonlik so 21 ekspedisies per jaar in."

